JUNIE-EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL

VRAESTEL 3

JUNIE 2015

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 6 bladsye.

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 70 minute aan Afdeling A
   - 30 minute aan Afdeling B
   - 20 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 My skool is fantasties! **[50]**

1.2 Ek hou van… **[50]**

1.3 Dis my geheim. **[50]**

1.4 Leerders MOET toegelaat word om selfone skool toe te vat want… **[50]**

1.5 Straatkinders. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband tussen die osptel en die prent wat jy gekies het wees.

1.6.1

[50]

1.6.2

[50]

1.6.3



[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou vriend/vriendin het baie swak in ‘n Afrikaanstoets gedoen.

Skryf ‘n **vriendskaplike brief** waarin jy advies aan hom/haar gee oor hoe om beter in Afrikaans te doen. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Jy het sopas jou skoolrapport vir jou ma gegee en het goed gedoen behalwe in EEN vak.

Skryf ‘n **dialoog** tussen jou en jou ma oor jou punte op jou rapport. Jy MOET die vak waarin jy swak gedoen het noem en bespreek. **[30]**

2.3 **FILMRESENSIE**

Jy het sopas ‘n film gekyk wat jy baie graag wou sien maar is diep teleurgestel omdat jy soveel meer verwag het.

Skryf ‘n **filmresensie** oor die film. **[30]**

2.4 **HULDEBLYK**

Een van jou beste vriende/vriendinne is oorlede in ‘n skietvoorval.

Skryf ‘n **huldeblyk** oor hom/haar wat jy by die roudiens gaan lewer wat die skool gereël het. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou hond het kleintjies gehad en jy wil die babahondjies verkoop.

Ontwerp ‘n **advertensieplakaat** waarop jy dit adverteer,

3.2 **INSTRUKSIES**



Jy is by ‘n vriend/vriendin se verjaarspartytjie.Teen 12:00 die nag het jy genoeg gekuier en bel jou pa om jou te kom haal.

Skryf die instruksies wat jy vir jou pa gee van punt A, waar jy bly, na punt B waar jy wil hê jou pa jou by die partytjie moet kom haal. **[20]**

3.3 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy moet die skoolhoof gaan sien omdat jy per ongeluk ‘n venster in die Afrikaansklas gebreek het.

Maak ‘n **dagboeninskrywing** oor TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag VOOR jy die hoof gaan sien het.
- Jou gevoelens die dag NA jy die hoof gaan sien het. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL: 100